

DIE SWART LUIPERD
REEKS
1. Gemaskerde Moordenaars
BRAAM LE ROUX

# GEMASKERDE MOORDENAARS

*deur*

**BRAAM LE ROUX**

*Uitgegee deur:*

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2019

# Gemaskerde Moordenaars

Voorbladskets is die oorspronklike voorblad van die 1980's se uitgawe. Hierdie uitgawe is die sewende uitgawe in die reeks.

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

GEMASKERDE MOORDENAARS
deur Braam le Roux

ISBN 978-1-928498-51-3

Uitgegee deur:
Skatkis-Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2019)

Aanlyn winkel: https://sqrindle.com/category/fiction-and-literature
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

# OPSOMMING

Leon moes vroeg al leer om ’n sak mielies op sy skouer te gooi en daarmee wa toe te stap. Skaars was hy veertien jaar oud toe hy al ’n pyl en boog so knaphandig hanteer het, dat enige Boesman se mond daarvan sou water. Omdat hy die enigste seun en kind van sy ouers was, het hy sy vermaaklikheid in die veld gevind, waar hy tierboskatte gejag het en luiperds onder die pyl gesteek het. Sy hande het al vroeg geleer om ’n jong os se horings so te draai, dat die dier magteloos op die grond neerslaan.

Leon se moeder is vroeg dood, net voor die Eerste Vryheidsoorlog, toe die Basoetoes ’n aanval op ’n paar afgeleë plase gedoen het. Van toe af het Leon se vader avontuursoeker geword. Saam het hulle die onbekende ingetrek, altyd dieper die onbekende Transvaal in. En Lettie? Leon en sy het saam grootgeword. Haar ouers is albei deur die Basoetoes vermoor en Leon se vader het hom toe oor haar ontferm. Lettie met haar sagte, golwende, blonde hare en blou oë, blou soos die wolklose hemel van die Laeveld. En nou is sy al ’n rooiwang-boerenooi van sestien jaar.

’n Paar beesdiewe steel een aand al Leon-hulle se beeste, vermoor sy pa en ontvoer vir Lettie in die proses. Leon sweer wraak op die moordenaars en beesdiewe. Met ’n luiperd wat hy moes doodmaak vir oorlewing, maak hy toe vir hom ’n masker daarvan en so word die legend gebore van die Swart Luiperd. Die Luiperdman se voorkoms skrik enigeen af wat dit sien en gebruik Leon dit baie handig om vrees en gesag by die diewe in te boesem. Maar maklik was dit geensins nie en moes Leon sekere ontberings deurgaan om reg en geregtigheid te laat geskiet.

# UITTREKSEL

Leon se perd staan op sy agterpote. Hy brand weer los met sy lang sweep. Bart gil van woede en storm met sy ros op die "Luiperdman" af. Ook sy sweep fluit deur die lug. Dit krul ongenadig om Leon se perd se nek. Die perd runnik skerp van pyn en skok. 'n Mens kan dit bo die geraas van die voortsnellende beespote uit hoor. Nog 'n hou word na Leon gemik en dit is raak. Dit sny in die vlees van sy bo-arm.

Die swepe klap soos geweerskote. Leon mik na die nek en gesig van sy teenstander. Bart storm op hom af met sy kappende perd. Hulle gesigte is amper teenaan mekaar. Bart wag sy kans af en ongenadig kom die dik kant van die sweepstok skielik op Leon se skouer te lande. 'n Oomblik voel dit of sy skouer verlam is, maar voordat Bart kans kry om hom weer te slaan, tref 'n vuishou die veedief wat hom byna van sy perd laat afval.

Die twee perde staan weer teenoor mekaar en die swepe fluit. Leon se sweep tref Bart op sy wang. Hy gryp vinnig na die plek en skree van onkeerbare pyn en woede. Bloed stroom in 'n oogwenk oor sy wang. Hy stuur sy perd weer vasberade vorentoe, maar weer klap Leon se sweep. Hierdie keer swaai die voorslag om die pols van die boef. Dit brand soos vuur om sy polse en kneukels.

# INHOUD

**Hoofstuk**

1. Die Luiperd Storm

2. Die Grotmanne

3. Die Kragmeting

4. Vlamme in die Nag

5. Onder die Rivier

6. Bloed in die Water

7. Die Aapmens

8. Die Swart Gedrog

9. ’n Tweede Moord

10. Die Meisie Verdwyn

11. Vlammende Wraak

12. Rooi is die Maan

13. Hoefslae in die Nag

14. Vegtende Ruiters

15. Die Boog Span

# 1. GEMASKERDE MOORDENAARS

## Hoofstuk 1
## DIE LUIPERD STORM

Hy klouter oor die rotsblok. Die spiere op sy bo-arm bult uit. Hy is bruin verbrand en sy verslete hoed is amper tot oor sy oë getrek en sy ore staan bak onder die veldhoed uit. Hy gee ’n enkele steun wat bo die gedreun van die waterval, geen tien treë agter hom, gehoor kan word.

Hy is nou bo-op die steil rotswand. Hy bring sy vuil hande na sy voorkop en kyk stip na die waterval, daar waar dit skuimspattend teen die rotse aanbulder, glad van die paddaslym. Dit is daar êrens waar die bosduif ingeval het. Hy het hom daar sien aftuimel dat die vere eintlik so waai.

Maggies, maar hierdie slingervel is darem ’n bulding, dink die seun en beskou die wapen aandagtig. Onder sy opgerolde kakiebroekie steek twee stewige, frisgeboude bene uit. Die spiere staan daarop uit. As ’n mens die postuur daar op die hoë rotsblok gadeslaan, sou jy nooit sê dat hy maar so pas agtien jaar geword het nie.

Sy blou oë ondersoek nog daar by die groen rotse onderkant die water. Buig of bars, maar daardie duif moet hy in die hande kry, want dan kan hy nog ’n kerf op sy mikstok maak. Hy buk en rol eers gou sy kakiebroek af. Dit hang nou byna oor sy knieë. Hy sal gou moet speel. ’n Oomblik gaan sy blik onrustig na die westelike horison. Die son sak vinnig en Pa sal nou-nou na hom begin roep.

Leon begin van rots tot rots na die waterval aansukkel. Plek-plek moet hy ’n gevaarlike sprong van die een rots na die ander doen, maar hy vorder al hoe vinniger. Fyn waterdruppels spat teen hom en stuif soos klam mis oor sy gesig. ’n Entjie van hom af op ’n plat klip, baie naby die

neerstortende water, sien hy die blou, uitgevrete bosduif. Sy hart juig. Dit was darem vir jou ’n raakskoot en hy het ver gestaan, die klip het boonop nog wind geskep ook.
Hy gaan weer stil staan, asof hy die lafenis van die fyn druppels wat teen hom spat, wil geniet. Dit was vandag baie warm, soos die Bosveld hier in die Noordelike Transvaal maar alleen kan wees. Sy blou oë kyk in verwondering na die vallende en bulderende watermassa. Dit val maklik twaalf voet hoog, in ’n breë stroom. Onwillekeurig wens Leon dat sy vader hier baie lank gaan vertoef, dat hulle vir altyd hier sal kan bly. Hulle kan sommer ’n huis hier naby bou.
Leon raap hom op vir die finale sprong. Anderkant moet hy stewig vastrap, want die groenerige slyk aan ’n gedeelte van die rots, kan hom in die malende dieptes van die water onderkant hom laat afstort. Hy trek sy rug krom en staan ’n entjie agteruit.
Soos ’n beesvel trek hy deur die lug en kom handeviervoet te lande op die rotsplaat waarop die bosduif lê. Skaars het hy grond gevat of hy ruk hom orent. Hy kon sweer dat hy ’n sagte gegrom, soos van die een of ander roofdier gehoor het, maar die water hier vlakby hom raas oorverdowend. Stadig kom hy orent, met die dooie bosduif in sy hand. Hy kyk daarna. Dit is ’n bors skoot.
’n Muwwe reuk prikkel nou skielik sy neusgate. Voor hom staan skerppuntige, groen rotse. Tussenin bruis die helder water. Avontuurlus en nuuskierigheid dwing hom om oor daardie gevaarlike rotse te probeer seil. Hy sal maar op sy sitvlak nader werk daaraan. Hy gaan sit en skuif by die waterval verby. Net ’n entjie en toe trek hy verbaas sy asem in. Vlermuise fladder verskrik by hom en langs die waterval verby, die daglig in. Nou kry hy daardie muf reuk weer besonder skerp in sy neus. Reg agter die waterval gaap die

opening van ’n donker grot. Net ’n sprong van sowat vier treë en hy is op ’n rotslys, vlak voor die bek van die grot. Leon se verbeelding begin oortyd werk. Oral aan die rotswande van die grot is skilderye van Boesmans, ten minste, so meen hy.
Opeens word hy bang. Sê nou maar net hier is Boesmans. Hier in die onherbergsaamheid moet nog allerhande goeters wees. Sy vader het hom vertel van die dae van die Kolonie, toe die Geel Duiwels verskrikking gesaai het. En hier is die noordelike dele van Transvaal waar die leeus en luiperds volop is? ’n Mens weet nooit.
Die plase hier is ver uitmekaar, sommer dertig na veertig myl en dit is ’n ideale skuilplek vir die Geles. Sy hart bons vinniger. Skielik is daar ’n beweging in die mond van die grot, ’n gelerige gedaante. Soos blits het Leon sy rekker met ’n klip gelaai, maar die volgende oomblik laat hy dit weer sak en kry hy groot lag vir homself. Pa het altyd gesê as ’n mens hom iets verbeel, sien hy partykeer dinge wat glad nie daar is nie, maar nou is daar tog ’n geel gedaantetjie in die grot se opening, naamlik ’n dassie.
So ’n vervlakste, astrante, swerkater van ’n dassie! En sy slingervel word vinnig geswaai en gelos. Swaar plof die klip teen die dassie se pens. Die diertjie struikel eers, maar swaai dan met ’n piepgeluid om en verdwyn in die donkerte van die grot.
Leon word al hoe waaghalsiger. As daar Boesmans in die gat is, sal hulle hom seker al teen hierdie tyd gehoor het, want hulle het glo fyn ore. Leon meet die afstand wat hy moet spring. As ’n mens nie ’n vastrapplek het nie, is dit ’n onbegonne taak. Hy sal dit dan nooit haal nie.
Met ’n glimlag op sy gesig jaag hy met die slingervel, ’n klip by die bek van die grot in. As daar iets binne is, sal hy dit miskien uitjaag, iets soos bosduiwe wat daar nesmaak. As dit

so is kan hy later die kleintjies kom uithaal en vir hom grootmaak. Leon se hart bons nou ekstra vinnig. Hy steek sy hand weer diep in sy sak en haal ’n hele paar mooi, ronde spoelklippers uit. Hy byt op sy onderlip en sit een daarvan in sy wapen en swaai dit weer hoog bo sy kop. Die volgende oomblik raas fladderende bosduifvlerke hier by hom verby, gevolg deur piepende vlermuise. Leon juig byna van opgewondenheid.
Vinnig skiet hy nog ’n paar klippe na binne, en ja, sommer ’n blou swerm van duiwe klap hulle vlerke hier bokant sy kop verby, in ’n ylende vlug om buite te kom. Hy staar hulle agterna. Hulle draai oor die hoë kranse en kameeldoringbome langs die rivieroewer en sak dan grasieus neer op die rotsstukke in die rivier.
Nou kan Leon nie meer wag om nader ondersoek te gaan instel nie. Die skemerte sak haastig toe. Hy kan maar aan sy vader gaan vertel dat hy daardie swart bulkalf gesoek het. Vader sal hom glo. Die seun aarsel nie. Hy mik weer om oor die vier voet skeiding te kom, maar besef andermaal dat dit onmoontlik is. Skielik vang sy oog die lang boomwortel wat hier skuins bokant hom hang. Hy sal in ieder geval hoog en ver moet spring voordat hy dit in die hande sal kry. As hy die wortel net kan beetkry, sal hy daarmee oorswaai na die ander kant toe. Hy loer met ’n kloppende hart na benede. Hy sal hard val as hy misvat, miskien ’n been, ’n kop of ’n arm breek, maar dit kan nou nie hoër of laer nie.
Sonder om verder te aarsel en te oorweeg of die boomwortel sy gewig sal hou, krom hy sy rug, staan ’n pas agteruit en dan, met ’n kreun van inspanning spring hy. Met albei sy hande gryp hy die boomwortel vas. Sy hart ruk, want die volgende oomblik is dit of die boomwortel onder sy gewig gaan meegee, maar dit sak gelukkig net so ’n voet of wat, en

daar hang Leon tussen hemel en aarde. Sy bene gaan soos stukke lewendige masjinerie te kere. Hy begin heen en weer oor die kolkende water swaai, al hoër en vinniger, en dan los hy skielik. Soos ’n vrot vel kom hy vlak voor die grot opening op ’n rotslys te lande.

Hy staan ’n oomblik stil en vee die sweet van sy voorkop en swart hare af. Sy vuil tone klou soos ’n arend op die skurwe, rotsstuk. Nou dat hy voor die grot opening is, huiwer hy om binne te gaan. Hy haal weer die slingervel wat hy om sy skouer gehang het, af en stop ’n klip daarin. Hy slinger sy koeël die donker diepte binne en wanneer dit ver agter in die grot plof, volg ’n onderdrukte gegrom. Leon skrik so geweldig dat hy byna van die rotslys afval. Die gebulder van die waterval klink hier meer gedemp. Die seun staan in ’n luisterende houding. Hy mik onwillekeurig weer na die boomwortel.

Maar plotseling slaan die stof geen tien treë voor hom op nie. ’n Tamaai luiperd steek in die bek van die grot vas. Die roofdier trek sy kop grommend en woedend terug en staan dan haastig tru. Hy het geen tweebeen wesens hier verwag nie, maar dit is of die dier besef dat hy vasgekeer is. Hy moet na buite, want na binne is geen uitkomkans nie.

Nog steeds verlam van die aanvanklike skrik, staar Leon met groot oë na die roofdier, asof hy daar op sy staanplek vasgesuig word. Vandag word hy gewis hier opgevreet. Skielik storm die luiperd met lang hale op hom af. Leon uiter een enkele angsvolle kreet en vlieg dan soos ’n voël deur die lug. Sy hande omklem die boomwortel. Sy vaart laat die wortel hoog na die ander kant toe opswaai en in dieselfde oomblik spring die gespikkelde gedaante onder hom deur.

Die luiperd het dit nie verwag nie en Leon ook nie. Toe die roofdier anderkant grondvat, gly sy voorpote en stort hy die

malende water in, ver na onder. Asof Leon heeltemal vergeet het dat hy tussen hemel en aarde hang, staar hy na die spartelende luiperd. Die dier hap na die skuimende waterval asof dit die oorsaak van sy moeilikheid is. Telkens verdwyn die gespikkelde kop met sy oop bek onder die water, om dan weer laer af in die stroom bo die oppervlakte te verskyn. Dit is ’n stryd om lewe en dood. Die dier kap sy voorpote, met lang ontblote naels teen ’n rotsstuk aan die kant, maar dit help nie en die luiperd stort weer wanhopig terug in die malende water.

Die dier swem van wal tot wal. Leon se mond hang oop, want dit kon ewe goed hy gewees het. Sy arms word lam van die vashou en skielik val dit hom by dat hy êrens in die lugruim verkeer. Hy skop weer met sy voete en draai sy liggaam, maar die hele tyd hou hy die ongelukkige dier dop.

Meteens wens Leon dat hy hom kan help. Met die gedagte swaai hy een keer hoog en kom weer netjies hande-en-vier-voet te lande op die rotslys waar die dooie bosduif lê. Hy kyk vinnig rond, met net een gedagte nou in sy kop, hy moet die luiperd help. Dit is sy skuld en as sy versuip, wat word dan van haar kleintjies. Daar is seker kleintjies in die grot?

Hy sien ’n entjie van hom af ’n stuk boomtak wat seker met vorige oorstromings teen die rotse gespoel is. Hy kyk na die dier. Sy spartel nog steeds en haar kop verdwyn nog telkens onder die water. Leon spring van klip tot klip totdat hy die boomtak bereik. Hy sukkel om dit uit die klipskeur los te woel, maar slaag eindelik daarin. Hy spring weer van rots tot rots totdat hy vlak by die gat is, waarin die luiperd rondspartel. Die dier sal dit nie meer lank uithou nie, dit kan hy sien. Toe hy by die wal is, grom die dier en wys haar tande, maar dit is ’n swak poging.

"Toemaar, Ou Bees!" paai die seun dom-astrant. "Ek gaan jou nie seermaak nie. Ek gaan jou net help."

Aan die onderent van die skuimende waterkolk waarin die dier spartel, vloei die water deur 'n nouerige klipskeur. Met al sy krag druk Leon die dikste end van die tak in die klipskeur. Hy raap 'n groterige klip op en slaan die tak stewig vas. Dit moet 'n sterk man wees wat die tak nou sal kan uitruk. Die kleiner takke sprei taamlik breed oor die water uit.

So, nou sal die roofdier darem vastrapplek hê, meen Leon, en hy spring weer by met sy slingervel. Die klippe spat dan hierdie kant, dan daardie kant van die luiperd. Leon dryf hom nou soos 'n onnosele bok na die tak toe. Digby die tak kom die luiperd blykbaar agter dat dit haar enigste uitkomkans is. In haar laaste kragsinspanning swem sy met lang hale tot by die tak. Leon wikkel nou vinnig om uit die bereik van die dier te kom, wat met grawende naels teen die tak uit beur. Op 'n hoë rotsblok, twintig treë van die luiperd af, hou Leon die toneel stip dop, duif en rekker in die hand en met sy hoed stywer oor sy kop getrek.

"Hoera! sy is uit," roep die seun triomfantlik uit toe die dier eindelik op vaste grond is.

Die luiperd swaai haar kop na die skreeuende seun en gaan moedeloos op 'n rotsplaat lê, te moeg om die bosse in te vlug. Sy lê uitgestrek soos 'n dooie. Na 'n rukkie lig sy weer haar sierlike kop omhoog en staar Leon aan asof sy wil sê.

"Toe loop nou, man! Jou teenwoordigheid hinder my! Jy is net soos 'n lastige vlieg."

"Sy word sweerlik nog mak! Ek hoop nie sy gaan dood nie," prewel Leon en dan skiet 'n blink gedagte hom te binne.

Die kleintjies in die grot! As sy vader nou hier bly, kan hy die grot dophou, totdat die kleintjies buite begin baljaar en dan

kan hy mos skelm een kom vang. Sy hart swel van al die vooruitsigte.
Maar nou doem daar ’n ander probleem op. Hoe gaan hy anderkant kom. Dit lyk nie of die luiperd van plan is om spore te maak nie en die dier lê tussen hom en die uitspanplek. Vanaand fluit die osriem as hy nie gou maak nie. Maar hoe gemaak? Hy moet na die anderkantse wal gaan en al langs die rivier afstap. Ondertoe kan hy op die klippe oor die stroom spring. Dit is die enigste uitweg. Hy staan op.
Met ’n dun riempie, een van sy velskoene se veters, bind hy die pootjies van die dooie bosduif aan sy gordel vas. Die slingervel word in sye linkerhand gehou.
Hy is eindelik op die oorkantse wal van die rivier. Digby die rivier is ’n nou beespaadjie. Leon skrik. Beespaadjies? Ja, daar lê die spore van die beeste en hul mis. Snaaks, hy het gedurende die dag nooit beeste hier sien wei nie en hulle sin kan dit nie wees nie, want hulle vee kom nie aan hierdie kant van die rivier nie.
Leon frons diep, maar stap verder. Telkens verwag hy iets gaan gebeur, miskien weer ’n luiperd, kom die gedagte toe hy onder ’n groot rotsstuk deur loop.
Plotseling swiep iets deur die lug soos ’n bosduif wat verskrik met klappende vlerke vlug. ’n Tou vlieg hom te gemoet en nog voor hy kan keer, val dit om sy lyf en arms en word hy hard teen die grond neergeruk.

## Hoofstuk 2
## DIE GROTMANNE

Leon hik soos hy op die grond neerval. Hy kom met sy rug op ’n klip te lande en terselfdertyd hoor hy iemand skaterlag, asof dit ’n groot grap is. Die seun kyk van die grond af op. Onder ’n oorhangende rots, ongeveer drie voet bokant hom, sit ’n man op ’n perd. Leon skrik. Die man se gesig is met ’n swart masker bedek. Hy het ’n lang baard wat effens gelerig om sy mond vertoon. Sy snor lê onder ’n groot neus aan weerskante weg en hy het ’n breërandhoed op sy kop.

Skielik is Leon nie meer bang nie. Hierdie man sal hom tog niks doen nie... dit was maar seker ’n grappie. Hy wil begin saamlag met hulle en staan van die grond af op. Hy wil hom dan sommer gou uit die tou loswikkel.

“Ag nee, wag, jongman,” en die tou word vaster om hom getrek. “Dit sal nie so maklik gaan nie. Verduidelik eers waar jy vandaan kom.”

Dan is dit of iets hom byval en hy sê.

“Toemaar, moenie nou probeer verduidelik nie, kom maar eers saam met my.” Sonder seremonie word Leon met die tou omhoog getrek.

Die tou sny seer om sy lyf en hande, maar hy hou uit. Met een laaste pluk sit hy in die saal voor die gemaskerde man.

Die toom word effens in die mond van die perd geruk en dan swaai die dier kopspelend om en trippel langs die rotse verby, die digter bosse binne. Hulle klim voortdurend, met ’n dof uitgetrapte bergpaadjie langs, maar die bosse groei so geil en dig teen mekaar, dat hulle telkens laag moet buk.

Leon se hart klop hewig in sy keel. Telkens wil hy praat, maar hy is stom van verbasing. Hy kon nooit dink dat hier witmense in die omgewing is nie. Die mense langs die pad het aan sy vader beduie dat hy ’n onherbergsame oord binne

gaan. Hier in die digte ruigtes langs die Limpopo, waar die kreupelhout, mopanie, kameeldoring en ander woudreuse welig groei, is maar min blankes. Hulle, sy vader, Lettie en hy, kampeer nou al byna twee weke lank hier en hulle het drie weke laas blankes te sien gekry. En nou...? Leon kan sy eie oë nie glo nie.

"Waarheen neem jy my, Omie?" vra Leon eindelik, nadat hulle lank swyend voortgery het. Die skemer sak reeds koud en grys om hulle toe, tussen die bosse waardeur hulle kronkel en die nagdiere begin reeds hulle stemme verhef.

Die groot gestalte agter hom antwoord nie. Hulle gaan nou 'n hoë rotsstuk tegemoet. Die perd beur 'n laaste steilte uit en gaan deur die opening van 'n grot, of 'n natuurlike tonnel. Leon sien lig aan die ander kant, maar in die middel van die tonnel trippel die perd rond. Die man lig hom netjies uit die saal. Leon kyk weer vinnig na die man. Hy staan seker ses voet hoog. Hy het 'n kakiehemp, kamaste en rybroek aan en sy swart oë, so lyk dit vir Leon, flikker onheilspellend agter sy masker. Dit lyk of daar nou 'n glimlag rus op sy bedaarde gesig.

"Klim af, jong!" snou die man hom hard toe.

Leon aarsel 'n oomblik, maar dan spring hy rats van die perd af.

"Maar waar die drommel gaan ons heen, Omie?" vra hy vriendelik maar beteuterd, met tekens van vrees in sy stem.

"Jy gaan ons eers vertel waar jy vandaan kom. Hier was nog nooit witmense in die omgewing nie. Ons wil hulle nie hier hê nie!"

Die bonkige man met die weglê-snor leun oor die rotsblok voor hom en skree hard na binne.

"Sarel! Oop maak, ou kêrel! Oopmaak!"

’n Hol stem gee dadelik antwoord. Dit gee Leon byna die bewerasie, maar hy is nog meer verbaas as enigiets anders.
Daar kom ’n kraak van agter die rotsblok en stadig rol die swaar klip eenkant toe. Leon kan die punt van ’n stinkhoutpaal sien uitsteek. Hy weet dat die persoon daar agter die rots, met die paal as hefboom, die tamaai klip wegskuif. Geleidelik gaan ’n grot opening voor hom oop, groot genoeg om ’n man na binne te laat, sonder dat hy baie laag hoef te buk.
Andermaal kyk Leon in die gelaat van ’n man met ’n masker oor sy oë. Hy het ’n kleinerige gestalte. In hierdie warm, tropiese lug en die bedompigheid van die lug wat klam tussen die bome deurkruip, staan die man in ’n lang reënjas. Hy het ’n bos onversorgde baard. Hy lag en Leon sien ’n ry vergeelde tande. Hy praat met ’n kraakstem, heserig, soos die van ’n makou. Ook praat hy met ’n snaakse, vreemde aksent. Dit is selfs vir die agtienjarige duidelik.
Dan kom die skor lag weer van die grot se opening af.
“Aha, Bart, dan het jy die jong jagter gevang! Laat hom binne. Laat hom binne!” kekkel die stem, en hy maak ’n buiging en wink met sy groot, vereelte hande.
Leon staan onwillekeurig tru. Hierdie snaakse man met die lang, vuil, toiingrige baard maak hom bang. Hy mik na die opening waardeur hulle so pas gery het. Die volgende oomblik buk hy onder die perd se pote deur en laat spaander. Hy is by die opening. Dit is al so donker dat hy die paadjie voor hom nie behoorlik beken nie. Hy swenk na links en regs. Agter hom hoor hy die gekekkellag van die grotman met die reënjas. Iets swiep agter hom aan en die volgende oomblik lê hy weer plat op sy rug, met die tou om sy lyf.
“Kom terug jong knaap! My tou is baie lank.”

Die tou word getrek en pyne skiet deur die liggaam van die seun, soos hy oor die aarde aangekatrol word. By die grot opening word hy ru orentgelig.
Die ander man, half binne-in die grot, staan nou met ’n fakkel in die hand. Die flikkerende lig openbaar duidelik die seun se gelaatstrekke. Daar is nou duidelike tekens van vrees in sy gesig.
“Laai my staan! Wat wil julle met my doen?”
“Ons laat jou nie gaan nie, meneertjie! Jy het ongelukkig klaar te veel gesien.”
Vinnige perdepote klap weer deur dieselfde opening, waar Leon so pas probeer ontsnap het en drie ruiters kom met skuimbekkende perde voor hulle tot stilstand.
Die swart, gespierde diere proes en blaas asof hulle in die grootste haas hierheen gejaag het.
Die voorste man lig hom uit die saal. Weer kyk Leon vas teen nog ’n gemaskerde gesig. Die man lyk plomp. Sy hare groei laag oor sy voorkop en sy lang bos hare het maande lank geen skêr gesien nie. Sy moue is opgerol en sy harige arms is byna gebreklik van al die spiere. Leon gaap hom behoorlik aan.
“Sarel!” skree die gespierde man onnodig hard, aan die persoon wat Leon met die tou gevang het. Maar hy swyg skielik en kyk wantrouig na die kaalvoet seun met sy halfmasbroek.
“En die, Sarel? Wat soek hy hier en wie is dit?”
“Sy oë flikker wantrouig agter die masker en die vraag kom ru en bars. Die man wat aangespreek is as Sarel, huiwer eers en antwoord dan eerbiedig.
“Sulg, hierdie jongman loop al ’n paar dae hier rond en...
Die gespierde reus val hom dadelik in die rede.

“En wat die drommel gaan hy jou aan?” en hy wys met sy vlegsweep na Leon. “Het hy ons skuiling ontdek?”
Die bonkige hand vat die sweep vaster en met die agterkant van die stok druk hy Leon met ontsag op sy bors. Leon staan ’n entjie terug.
“Nee, Sulg, dit is nie so nie. Ek het hom hierheen gebring,” antwoord die man wat Leon gevang het.
Sulg word al woedender, dit kan Leon duidelik sien. Hy gee Sarel nie kans om klaar te praat nie.
“Jy hom hierheen gebring? En waarom doen jy dit? Is jy kranksinnig? Wat gaan ons nou met hom maak?”
“Stadig, Meester,” kom dit huiwerig van die ander. “Ek sal alles verduidelik. Die seun het aan hierdie kant van die rivier geloop. Ek het hom die hele tyd sit en dophou. Hy het die beespad ontdek en toe daarlangs gestap.”
Die persoon wat aangespreek is as Sulg, gee ’n tree vorentoe en sy ronde bakkies word rooi.
“Wat sê jy! Het hy die paadjie raakgeloop...?” Die man kners magteloos op sy tande.
“Ja Sulg, en ek het gemeen hy sou ander waarskynlik gaan vertel het van die pad en wie weet, miskien sou hy nog self ook hier uitgekom het!”
Verwoed tree die gemaskerde figuur nader. Hy het ook ’n baard, maar dit is getop en netjies versorg. Op sy bolip pryk geen snor soos in die geval van die ander nie. Die ander twee wat flussies saam met Sulg gekom het, het nie baard nie.
Die swaar gestalte is nou vlak voor Leon.
“So!” en die oë agter die masker kyk Leon deurvorsend aan. “So nê,” en dan wend hy hom na die ander. “Laat ons na binne gaan, mense. Daar wag baie werk vannag. ’n Vet vangs soos julle oë nog nooit gesien het nie. Wat ons met hierdie seun gaan aanvang, hang van homself af. Hy kan hom by ons

geledere aansluit. So nie, nou ja, ek gaan ons nie onnodig in gevaar stel nie, of hoe?”
Die ander mompel instemmend en gebukkend gaan die een na die ander die grot binne. Die man met die kraakstem loop heel voor, met nog steeds sy lang, verslete reënjas aan. Leon se gesig is wasbleek van skok en ontnugtering. Die gespierde man loop vlak langs hom.
“Meneer, ek wil asseblief huis toe gaan! My Pa sal na my kom soek.” Die man verstyf in sy spore.
“Wil jy vir my sê jou Pa weet jy is hier? Weet hy ook van hierdie plek?”
“Nee, maar hy sal my kaalvoetspore tot hier volg, en dan...”
“O ek sien, maar toemaar, dan sal ons met hom afreken.” Leon hoor tot sy ontsteltenis dat die klip voor die opening met ’n harde geknars weer toe gehefboom word. Die grot waarin hulle loop, is ruim. ’n Paar wit vetkerse is hier en daar teen die wande aangesteek. Hulle bevind hulle in ’n groot ruimte waarin ’n krakerige tafel met twee banke staan. In die een hoek brand ’n vuur helder en êrens, asof dit diep uit die aarde opklink, hoor Leon die gebulk van beeste, hol en onwerklik. Hy luister stip daarna.
Die gespierde man gaan sit aan die hoof van die tafel. Met ’n geskuifel en ’n geknars van die twee lendelam banke langs die tafel, neem die ander vier ook plaas. Daar is ’n afgryslike grynslag om die mondhoeke van die bebaarde man met die reënjas. Hy kyk stip na Leon.
“Wat is jou naam, seun?” breek Sulg los.
“Leon Fouche, en asseblief Meneer, ek moet huis toe gaan. Ek het julle niks kwaad aan gedoen nie. Waarom bring julle my hierheen?”